

Hoofstuk van die dag: Esegiël 21

> *Sê vir die land Israel: So sê die Here: Ek is jou vyand, Ek gaan my swaard uit sy skede trek en dié wat reg doen sowel as dié wat verkeerd doen, uit jou uitroei. (Eseg 21:3)*

Die Jode wou maar net nie verstaan dat wat hulle oorgekom het,

nie ’n tragiese lot was of omdat die god van Babel (Marduk) sterker as Jahwe is nie. Hulle, en die hele wêreld, moet weet dat die ballingskap (en enige iets anders wat gebeur) nie toevallig is, of in die hande van mense is nie. Dit is God self wat regeer. Hý stuur Nebukadnesar na Jerusalem (vers 18 e.v.). Die ballingskap is God se straf sodat sy volk tot inkeer kan kom, en tref almal (vers 3 en 4). Tog is daar perke aan sy oordeel (vers 17).
Babel sal nie altyd ’n instrument van straf in God se hand bly nie. Daar kom ’n tyd dat Babel sy swaard sal moet terugsit in sy skede (vers 30). God se oordeel sal ook Babel tref. Selfs die gedagtenis aan Babel sal verdwyn (vers 32). Babel was wel ’n instrument in God se hand, maar hulle het hul hand oorspeel.
Wanneer God jou as instrument gebruik, hef dit nie jou verantwoordelikheid op nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026